

Gedagte vir die dag

Ons dink steeds saam oor wat dit beteken om “dankbaar” te leef. Die reaksie van die geredde sondaar, is ’n lewe van dankbaarheid voor die aangesig van die Here. Dit beteken jou doen en late is ’n getuigenis van jou verlossing en dankbaarheid.

Dit klink soos ’n Sondagskool antwoord.

Wat beteken dit prakties?

Hoe lyk ’n lewe van dankbaarheid?

Lees Lukas 10:25-37 (*Die barmhartige Samaritaan*)

Ons ken hierdie gedeelte baie goed. Ons kan dit waarskynlik oorvertel aan ’n vreemdeling met al die feite in plek. Dit is die verhaal van ’n “prokureur” (wetgeleerde) wat vir Jesus probeer uitvang. Hierdie man was waarskynlik vernuftig in die kuns van redevoering. Woorde was sy kos. Dade was skynbaar nie sy sterkpunt nie. Soos ons almal, het hy maar gesukkel om te doen wat hy bely.

*“Meneer, wat moet ek **doen** om die ewige lewe te verkry?”*

Hy antwoord: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself.”

*“Jy het reg geantwoord,” sê Jesus vir hom. “**Doen** dit en jy sal die lewe verkry.”*

En dan volg die bekende verhaal van die (onbarmhartige) priester, (onbarmhartige) Leviet en die barmhartige Samaritaan. Die eerste 2 was goed met woorde en rituele. Die toets waar hulle gebede en belydenisse moes oorgaan tot daade, druipt hulle egter.

Hoe verrassend moes dit nie vir daardie eerste hoorders gewees het toe Jesus hulle iets van God se hart laat sien, in die Samaritaan se optrede nie. Ons vertaal die Griekse woord (in vers 37) met “*medelye*” (NAV) of “*barmhartigheid*” (OAV). Ons sou ook dit kon vertaal met “*to show kindness or concern for someone in serious need*” of “*to show mercy*”.

*Die man wat langs die pad onder die rowers deurgeloop het, ontvang “**medelye en genade**” van die “**barmhartige**” Samaritaan.*

Die Samaritaan betoon genade aan ’n onbekende. Dis ’n vreemdeling. Hy kan niks van die man ontvang nie, want die man het niks nie. Selfs die klere is van sy bebloede lyf gestroop. Die Samaritaan gee en doen, omdat hy saam met die ander persoon ly. Hy het “*medelye*”. En dis hoe God se hart is.

Dalk wil hierdie verhaal ons meer leer as net om die vraag te beantwoord: “Wie is my naaste?” of “wie se naaste is ek?”. Dalk kan hierdie verhaal my ook leer hoe dankbaarheid lyk.

Mag ons dankbaarheid nie afgesluit word deur ’n punt aan die einde van ’n sin vol mooi woorde nie.

*Mag ons dankbaarheid sigbaar word in ons dade van barm-**hart**-igheid.*

*Mag ons **harte** soos die Here hê...*

...en hande en voete soos Hy...

Dalk help die gebed van Jörg Zink ons om te verstaan dat ons lewens instrumente van dankbaarheid in God se hand is.

Here, U het ons geroep.

Die onrus in ons

by die hoor van u Woord bewys dit.

U ken ons swakheid.

U weet hoe gou ons moed verloor.

U weet hoe skrikkerig ons treë is.

Maar U het ons geroep.

Daarvan is ons seker.

Gebruik ons, maak ons bruikbaar.

Ons weet nie of daar iets kom

van alles wat ons in u Naam doen nie.

Maar die werktuig hoef nie begaan te wees

oor die sin van die werk nie.

U het ons in u hand geneem.

Gebruik ons.

Amen

Om oor na te dink:

- Hoe kan jy prakties vir die Here “dankie” sê?
- Wie is daar vir wie jy in hierdie week medelye kan bewys?



Groete,
Dolf